

'N KONSEPTUELE RAAMWERK VIR 'N FAMILIE-EREDIENS¹

*Dr EC Wagner-Ferreira
Dept Praktiese Teologie
Universiteit van Pretoria
Pretoria*

ABSTRACT

A CONCEPTUAL FRAMEWORK FOR A FAMILY SERVICE.

This article is about a conceptual framework that is provided in order to assist a minister to ensure that the whole family (including different generations) is addressed in a family service. In many churches different services are held for different generations, or children and teenagers experience that they are not active participants during the church service.

The generation theory and a sermon working group (with families) may enhance communication and understanding of families. The sermon in a family service ought to be short and the minister should make ample use of metaphors and visual material. Advanced language and theological terms should be used scarcely. An integrated praise and worship style (where all the musical instruments and songs are integrated) might accommodate the whole family.

After studying the literature, empirical research was done. The original conceptual framework was enriched and broadened by the life experience interviews with the families in the church's worship service.

¹ Hierdie artikel is gebaseer op 'n PhD graad wat behaal is aan die Universiteit van Pretoria. Prof Cas Vos was die promotor en prof Hennie Pieterse die mede-promotor.
Praktiese Teologie in Suid-Afrika Vol 23(2): 295-312

1 INLEIDING

Hierdie artikel handel oor die insig dat die familie-erediens waar almal, kinders en ouers, saam in die erediens is, belangrik is.

In die lig van die gereformeerde teologie bestaan daar nie riglyne op grond van ondersoek om die erediens so in te klee dat die behoeftes van die verskillende generasies in een gesamentlike familie-erediens hanteer word nie. Die probleem is dat die verskillende generasies meestal in aparte eredienste geakkommodeer word, of dat die kinders en tieners nie direk betrokke voel wanneer die hele familie saam eredienste bywoon nie.

Die teologies-empiriese metode (Pieterse 1993:52; Heitink 1993:105) is in die ondersoek gebruik. Vir enige empiriese ondersoek moet daar vooraf begrippe geformuleer word (Glaser 1978; vgl Nell 1996:9). Praktiese Teologie volg op die voetspoor van Schleiermacher die teorie van die praxis (Heitink 2003:4). Dit beteken dat daar eers teologiese konseptualisering plaasvind ten opsigte van die spesifieke handelingsveld. Konseptualisering loop uit op 'n teorie. 'n Teorie (ook van die praxis) bestaan uit begrippe of konsepte wat in relasie tot mekaar geplaas word, met gewoonlik 'n kernbegrip of sentrale konsep waarmee die ander konsepte in die relasie in vergelyking staan (vgl Pieterse 1991:33; Van der Ven 1990). In die praktiese teologie word hierdie teorie van die praxis blootgestel (in hierdie geval met 'n kwalitatiewe ondersoek) met die oog daarop om die invloed van die geleefde geloof en ervaring in die gewone lewe van mense op hierdie teorie vas te stel.

Daardeur kan die konsepte van die oorspronklike teorie verstel of verryk word met die oog op 'n toereikende teorie vir die huidige praxis.

Die doelstelling van hierdie artikel is om 'n praktykteorie voor te stel wat die predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk binne die Suid-Afrikaanse konteks van riglyne te voorsien om 'n familie-erediens sinvol te lei en sodoende die maksimum effek op die hoorders, wat uit verskillende generasies bestaan, te bewerkstellig. 'n Konseptuele raamwerk, verryk deur die geleefde ervaring van families wat aan die liturgie deelneem, word daargestel as praktykteorie vir die huidige praxis van die familie-erediens.

2 **TEOLOGIESE KONSEPTUALISERING**

Die konsepte wat in 'n familie-erediens behoort te funksioneer, word vervolgens kortliks gestel soos dit in die literatuur voorkom.

2.1 **Verskillende generasies**

Volgens die teorie oor verskillende generasies word mense rofweg in generasies ingedeel op grond van karaktertrekke en kwaliteite. Die klassifikasie is 'n veralgemening en 'n generasie se belangstellings en behoeftes kan verskil (Brink & Brink 1999:8). 'n Generasie beslaan normaalweg 'n periode van ongeveer 20 jaar (Van Wyk 2002:168). In verskillende wêrelddele word die groepe in verskillende tydsgleuwe ingedeel. Vir die doel van die studie is volstaan by die indeling wat Codrington en Grant-Marshall (2004:18) gebruik:

GI:	Gebore tussen 1900 en 1920
Silent:	Gebore tussen 1920 en 1940
Boomer:	Gebore tussen 1940 en 1960
X'er:	Gebore tussen 1960 en 1980
Millennials:	Gebore tussen 1980 en 2000

Soos ander generasies sien die “GI”-generasie vir God soos hulle hul vaders gesien het. Hierdie generasie se vaders was gereserveerd, af-sydig en teruggetrokke. Soos hulle van hul vaders verwag het om hulle te beskerm, verwag hulle dieselfde van God. Vir die meeste van hulle is/was dit 'n tradisionele en formele belewenis om kerk toe te gaan waarvoor hul beste klere aangetrek word. Niks onverwags moet tydens die erediens gebeur nie. “They prefer no-nonsense preaching that lays down a clear morality and allows no compromise or shades of grey” (Codrington & Grant-Marshall 2004:236).

Die “*Silent*”-generasie is baie getrou aan die kerk. Hulle hou nie van verandering nie, maar van orde en struktuur. Hulle hou van indiepte Bybelstudies en geniet preke wat fokus op teologie en die eskatologie met 'n sterk onderrigende toon. Lofprysing moet ge-struktureerd en ordelik plaasvind (Codrington & Grant-Marshall 2004: 239).

Die “*Boomers*” wil 'n visionêre en vinnig bewegende gemeente hê. “*Boomers*” is aksie-georiënteerde mense wat preke wil hoor van “how to.” Kragtige predikers wat die tegniek van motiveringsprekers gebruik sal aanklank by hulle vind. Musiek is vir hierdie generasie

baie belangrik. Hulle het “rock'n'roll”-musiek in die kerk ingebring. Vir hulle moet die musiek lewendig, “upbeat and uplifting” wees (Codrington & Grant-Marshall 2004:243).

Die “*X-ers*” beskou God as die groot Geneesheer en 'n Vader vir die vaderloses. Hulle verkies lofprysing en aanbidding bo prediking. Predikers moet gebruik maak van multimedia en groter interaksie toelaat tydens die prediking om hulle hulle te bereik. Prediking wat fokus op sistematiese en analitiese verduidelikings kan hulle as te intellektueel en sonder emosie ervaar. “*X-ers*” verkies prediking wat be-moedigend en gerusstellend is, asook meer informele dienste waar kinders welkom is (Codrington & Grant-Marshall 2004:247).

“*Millennials*” se luistervaardighede en aandagspan is beperk. Lang toesprake en preke spreek nie tot hulle nie. Baie van die boodskappe wat hulle bereik is in prentjies met baie kleur, beweging en klank. Doodgewone woorde sal moeilik 'n indruk op hulle maak. Die “*Millennials*” word blootgestel aan verskillende geloofsoortuigings en baie moontlikhede waaruit hulle kan kies. Baie van hulle het 'n “klaar gesien – klaar gedoen” -mentaliteit en raak oor bitter min opgewonde (Brink & Brink 1999:24–26). Hulle wil God ontmoet op 'n geestelike wyse. Kerke wat 'n sterk, maar relevante liturgie het sal tot hulle spreek (Codrington & Grant-Marshall 2004:249).

2.2 Preekwerkgroepe

Die idee van Habermas dat kommunikasie op gelyke voet plaasvind en dat beide subjekte in die proses 'n vrye inset het, het die insig gebring dat die preekproses nie net beweeg van die teks na die preek nie, soos die ouere homiletiek dit gehad het nie, maar dat daar interaksie is tussen die teks as subjek en die hoorder as subjek. Dit het 'n wending na die hoorders van die preek teweeg gebring (Pieterse, Greyling & Janse van Rensburg 2004:91).

Preekwerkgroepe (Wagner 1983:97) kan die kommunikasievermoë van die preek verbeter. Empiriese ondersoek het aangetoon dat predikers nie presies weet wat die vlak van kennis, verstaan, assosiasies en interpretasies van gemeentelide is nie. Daarom vind predikers dit moeilik om vir die gemeente die teks toe te pas en konkreet te maak (Pieterse 1986:131).

'n Preekwerkgroep is gemeentelide wat hulself verdiep in die preekteks en hulle kommentaar daarvoor gee voor die preek. Daarna kan die predikant dit in sy/haar preek verwerk. Na die preek kan die

preekgroep die preek bespreek en kommentaar lewer. Dit help die prediker om vas te stel as daar sekere blokkasies is wat die hoorders verhinder om die boodskap te verstaan (Dingemans 1991:190).

Mense wat deel van 'n preekwerkgroep is, raak aktief betrokke by die erediens. Hulle denke word verbreed en verhelder deur die gesprekke. 'n Spesifieke groep lidmate ('n familie) behoort net vir 'n beperkte tydperk ('n maand of twee maande) deel te wees 'n preekwerkgroep (Sweazy 1976:56).

2.3 Persoon van die prediker

Die preek en die persoon van die prediker kan nie van mekaar losgemaak word nie (Van Wyk 2004:15–16). Prediking is nie 'n eklose gebeure nie. Ongeag hoe prediking gedefinieer word, is daar altyd iemand wat preek (Nel 2001:14).

In 'n preek word elke swak en sterk punt van 'n prediker sigbaar: sy/haar hermeneutiese en eksegetiese vaardighede, vermoë om die teks te aktualiseer, hantering van taal, kommunikatiewe vaardighede, sowel as sy/haar empatie en verstaan van die gehoor. Dit het ook 'n invloed op die wyse waarop die boodskap gekodeer word. Egtheid van die prediker is een van die belangrikste vereistes vir goeie kommunikasie. Dit verhoog die geloofwaardigheid van die boodskap (Pieterse 1986:113–117).

2.4 Familie-erediens

Dit behoort vir die kerk 'n geleentheid en 'n voorreg te wees om 'n verbondskind tot 'n belydende lidmaat te begelei. Die familie, spesifiek die ouers, speel 'n baie belangrike rol op die geloofspad van die kind (Strommen & Hardel 2000:9; Müller 2002:54). Daarom behoort die kind saam met sy/haar ouers die erediens by te woon. Die emosionele ervaring oefen 'n invloed op die kind uit (Vos 1996: 303). Die kind leer deur nabootsing van 'n rolmodel sekere gedrag aan (Freedman, Sears & Carlsmith 1981:9).

“Eredienst is de reële ontmoeting tussen de mens als lid der gemeente en God, op grond van Gods komen tot de mens, in prediking, sacrament en gebed” (Oskamp & Schuman 1998:71). In die familie-erediens kom verskillende mense saam. Hulle verskil in ouderdom, opleiding, agtergrond en Bybelkennis. Tog is hulle saam die familie van God, een gemeente wat God se teenwoordigheid erken en vier (De Klerk 2002:262; Heitink 2007:241–247).

Die volgende vier fases van die liturgie (Clasen et al 2007:13; Long 2001:47) word redelik wyd deur verskeie kerkgroepe aanvaar:

- Die aanloop of toetrede
- Die Woorddiens
- Die tafeldiens
- Die afloop of uitsending

2.5 Prediking

Prediking is die verantwoordelikheid van die prediker (Nel 2001:10). Wanneer predikers na die Bybel gaan om nie net 'n preek te kry nie, maar self ook die stem van die Here te hoor, sal hulle ervaar dat hulle self geraak word, asook 'n boodskap vir die gemeente kry (Long 1989:55–56).

Gemeentes het 'n behoefte aan goed deurdagte prediking en boodskappe wat geloofwaardig is (Long 1989:20). 'n Preek is meer as die oordra van religieuse informasie of die woorde op 'n geskrewe manuskrip. Dit is eerder 'n woord – en Woordgebeure (Cilliers 2002: 37; vgl Oskamp & Schuman 1998:71). Ten diepste is dit 'n mens wat voor God se aangesig kom en deur God persoonlik aangespreek word. Die boodskap van die Bybel vorm die hart van die prediking (Stark 2005:5). Die spesifieke boodskap wat deur die eksegeese (“uitleg”) vasgestel is, behoort binne die konkrete situasie van die gemeente as 'n Godswoord vir die hoorders hier en nou geaktualiseer te word (Pieterse 1988:73).

'n Nuwe generasie jongmense en families met 'n nuwe houding en lewensuitkyk woon die eredienste by. Die jongmense vra nie of iets waar is nie, maar of dit werk. Waarheid is relatief en daarom hang hulle 'n individuele moraliteit aan. Die fokus is weg van die objektiewe en is voluit op die subjek – op die mens self met sy voorveronderstellings, gevoel, geloof en eie soort spiritualiteit (Pieterse 2005: 414; vgl Van Wyk 2002:5).

Skriftuurlike kennis van God en onself as basis om God werklik te ontmoet, is besig om te verdwyn. Daarom is daar 'n sterk behoefte aan lerende prediking. Hier is die hoofsaak nie net om 'n massa inligting weer te gee nie, maar het ook 'n emosionele en appellerende inslag waardeur mense opgeroep word tot bekering en 'n veranderde lewenshouding. Dit maak dus ruimte vir die emosionele sy van die mens (Dingemans 1991:194; vgl ook Oskamp & Schuman 1998:78).

2.6 Musiek en sang

Musiek en sang is 'n wesenlike deel van die erediens. Die afgelope aantal jare het onder andere die onderstaande 'n invloed gehad op die musiek en sang van die NG Kerk (Serfontein 2005:21–22):

4. Die “praise and worship”-beweging lê klem op die ervaring van die Gees en dit gaan gepaard met emosionele en deelnemende aanbidding, asook die gebruik van die hele liggaam (vgl Barnard 2006:47–51). Willow Creek (“*seeker*”-beweging) poog om relevant te wees vir mense buite die kerk deur iets te bied wat die hoorder ken (multi-media, die kunste, kontemporêre musiek en tematiese prediking). Dit kan lei tot 'n relativering van die liturgiese tradisie en fokus op die vraag: “Will the liturgy help unbelievers to Christ?” (vgl Long 2001:2–3, 7).
5. “*Worship*”-musiek het sedert 1970 ook die musiek en sang beïnvloed. Dit is gevorm deur populêre musiekstyle wat kom van kommersiële platemaatskappye, liedjieskrywers, vervaardigers en uitgewers.
6. Etniese en kulturele verskuiwings in die Protestantse wêreld vra vir liturgiese inkulturasie.
7. Die Post-modernisme, met sy klem op ervaring en beeldkultuur, stel bepaalde eise aan musiek en sang.
8. Die populêre kultuur stel 'n standaard waaraan kerke moeilik voldoen, maar waarmee die kerk tog moet probeer aanklank vind ten einde geloofwaardig te wees vir baie mense.
9. Die tendens van verskillende generasies in die kerk, vra vir 'n teologie van diversiteit. Waar ouer generasies (“*GI*”- en “*Silent*”-), bekende liedere wil sing saam met die orrel, wil die “*Millenials*” “*medleys*” sing met nuwe koortjies wat her-haal word en deur elektriese kitare, elektroniese klaviere en tromme begelei word. Die jonger generasies wil 'n meer intieme aanbiddingstyl hê met liedere wat tot God spreek. Terwyl die “*Boomer*”-generasie van lewendige, harde musiek “that celebrates God” hou, hou van die ouer generasies daarvan om meer formeel oor God te sing (Codrington & Grant-Marshall 2004:236–249).

Long (2001:11–12) is 'n voorstander vir totale integrasie. Op hierdie wyse kan die beste uit die nuwe beweging geïntegreer word met die tradisionele wat ekumenies-vernuwend is sonder om die ryke teologiese en liturgiese erfenis te verwerp. Dit is nie net 'n stukkie van die een en 'n deeltjie van die ander nie, maar 'n volle organiese integrasie. Dit sou beteken dat 'n verskeidenheid musiekinstrumente en die orrel saam in harmonie 'n groot verskeidenheid musiek kan beoefen (Pieterse 2006:1). Op hierdie wyse kan ruimte gemaak word vir verskillende generasies en spiritualiteite word tydens die familie-erediens.

2.7 Gereformeerde spiritualiteit

Spiritualiteit is 'n baie moeilik-definieerbare term, omdat dit soveel verskillende betekenisse en assosiasies (positief sowel as negatief) het. “It may cover all sorts of ideas and notions” (Van Dam 2005: 12). In die algemeen kan gesê word dat dit na die geestelike lewe van die mens in sy verhouding met God verwys (Jonker 1989:288).

Die bekende eksklusiwiteitsuitsprake van die Hervorming (*Sola Scriptura, Sola Fide, Sola Gratia, Solus Christus*) vorm in hul onderlinge verhoudinge die koördinate in terme waarvan 'n reformatoriese spiritualiteit teologies verantwoord kan word. In 'n teologiese beskrywing van die gereformeerde spiritualiteit het die leer oor die duidelikheid van die Skrif (*Claritas Scripturae*) en die daarmee korrelerende leer oor die geloof as integrasie van die onderling samehangende dimensie van kennis, vertrouwe en gehoorsaamheid steeds 'n belangrike rol gespeel. Sterk klem word daarop gelê dat die mens se hele lewe geleef moet word voor die aangesig van God, *Coram Deo*. Daarom neem lof en aanbidding van God ook 'n sentrale plek in die gebed in (Burger 1999:4–5; Van Wyk 1995:245).

As 'n lewe uit die genade is die gereformeerde spiritualiteit heeltemal gerig op die objektiewe heilsgawe van God in Christus. Dit beteken dat die heil verstaan word as iets wat van buite onself kom en wat alleen uit genade, louter vanweë Gods vrye guns ontvang word. Dit is iets wat in Christus veilig en vas lê (Jonker 1989: 295).

Vervolgens is 'n kwalitatiewe ondersoek met onderhoude by families (gesinne) gedoen volgens die interpretatiewe benadering. Die doel hiermee is onder andere om aanvanklike begrippe of konsepte volgens die betekenisverlening in die taal van die respondente

uit hul leefwêreld verder te ontwikkel of tot nuwe teorievorming te kom (Wester 1995:17–20). In hierdie verruiming en vulling van die aanvanklike konsepte met 'n meer toereikende verhouding tot die werklike praktyk, moet die verstellde relasies van die konsepte tot teorie-vorming lei, wat 'n duideliker betrekking op die praktyk van die spesifieke konteks inhou (Nell 1996:5–6).

3 VERSLAG VAN DIE KWANTITATIEWE EMPIRIESE ONDERSOEK

'n Onwillekeurige steekproef is gedoen op die families in NG Gemeente A. Die gemeente is gekies omdat daar 'n behoefte na vore gekom het na aanleiding van navorsing wat alreeds gedoen is (Wagner-Ferreira 2005). Met die gekose families is half-gestruktureerde onderhoude gevoer.

Dieselfde ondersoek is ook by 'n ander NG Gemeente (NG Gemeente B) gedoen. Die gemeente is in 'n ander Ring as NG Gemeente A en is nie betrokke by die Noordelike Sinode van die NG Kerk se taakspan vir families nie. 'n Oordeelkundige steekproef is geneem. Die leraar van NG Gemeente B is gevra om twee families aan te wys met wie onderhoude gevoer is. Families 1 tot 7 is lidmate van NG Gemeente A, terwyl families 8 en 9 aan NG Gemeente B behoort.

Uit hierdie ondersoek kom die volgende insigte na vore.

Hoewel kinders nie al die handeling van die liturgie volledig verstaan nie, behoort hulle deel te wees van die familie-erediens. Om die een vader aan te haal: “Hoe meer hulle blootgestel word, hoe beter.” Kinders leer deur middel van assosiasie (waarnemingsleer), versterking (kondisionering) en nabootsing. Hulle leer veral deur nabootsing van 'n rolmodel sekere gedrag aan (Freedman, Sears & Carlsmith 1981:9). So behoort kinders saam met hul ouers die familie-erediens by te woon om te sien hoe hul ouers en ander volwassenes God aanbid met sang en musiek, asook hul hoofde buig in gebed. Deur middel van nabootsing leer hulle dan om dieselfde te doen.

Vanuit die empiriese ondersoek het dit duidelik geword dat die families ter wille van die onderlinge verhoudings bereid is om saam kerk toe te gaan. Daar was twee tieners wat dit duidelik gestel het dat hulle die gebeure in die erediens “verduur”, omdat hulle saam met hul ouers kerk toe gaan. Dit wat hulle geleer het, doen hulle steeds.

Dit wil voorkom of hierdie tieners en kinders wat van kleins af saam met hul ouers die kerk bygewoon het ook meer buigsaam is ten opsigte van die musiek en ander liturgiese elemente in die erediens.

Dit is opmerklik dat daar nie 'n noemenswaardige verskil was in die response van die gemeentes nie, ten spyte van die verskil in die omgewing, ouderdom, geslag, opleiding en kwalifikasies.

4 WISSELWERKING

Die wisselwerking tussen die teologiese konseptualisering en die resultate van die empiriese ondersoek geskied volgens die kritiese wisselwerking tussen teorie en praksis soos ons dit in die praktiese teologie hanteer. Die empiriese resultate sal moontlike verstellings op die konseptuele raamwerk voorstel (Heitink 1993:147–152, 164).

4.1 Musiek en sang

In 'n familie-erediens waar die verskillende generasies in een gesamentlike erediens is, speel die musiek en sang 'n baie belangrike rol. Verskeie respondente het dit uitgelig.

Vanuit die empiriese ondersoek was die invloed van die verskillende strominge in die musiek en sang duidelik sigbaar. Daar is veral onder die tieners en kinders 'n behoefte dat die musiek en sang met 'n orkes gedoen moet word. Populêre liedere spreek meer tot hulle as die liedboekliedere. Van hulle is van mening dat die taal van sommige van die liedere in die liedboek nie die taal is wat die kinders “meer praat en verstaan nie.” Daar was enkele tieners en kinders wat van “party liedere” in die liedboek hou. Die orrelmusiek is vir baie van hulle te stadig.

Bogenoemde is meer krities oor die gangbare siening in die literatuurstudie ten opsigte van die kritiek wat teen die erediens uitgespreek is. Daar word genoem dat die taalgebruik en teologiese terme wat in die erediens gebruik word, “nooit” in die jongmense se “algemene gebruikstaal gehoor word nie.” Orrelmusiek en liedere is in 'n styl wat nie buite die kerk gehoor word nie (Brink & Brink 1999:161). Teenoor die meeste tieners wat met 'n orkes die Here wil loof en aanbid, het die meerderheid van die ouers genoem dat hulle meer “formeel” oor God wil sing. Dit stem ooreen met die literatuurstudie.

Verskeie respondente het ook die moontlikheid genoem dat die “oue” en “nuwe” saam in die familie-erediens behoort te wees. Soos die een vader dit gestel het: “Die jeug met hulle musieksmaak moet ook geakkommodeer word.” Dit stem ooreen met Long (2001:11–12) se voorstel dat daar 'n totale *integrasië* van die musiek en sang van die verskillende generasies behoort plaas te vind. Hierin lê die verruiming van hierdie konsep teenoor die aanvanklike formulering. Deur integrasie van die verskillende musiekstyle kan ouer mense nuwe musiek en liedere leer en die jonger mense die skatte van ons tradisie leer ken en waardeer sodat alle liedere met oorgawe gesing kan word.

In 'n familie-erediens behoort die musiek en sang die erediens van begin tot einde by elke element van die liturgie aanmekaar te weef. Dit kan plaasvind met behulp van verskeie musiekinstrumente en musiekstyle. Dit is so dat nie almal van alle musiekstyle hou nie, maar ter wille van die eenheid van die liggaam van Christus kan mense geleer word om ruimte te maak vir mekaar en 'n diversiteit van liedere te sing.

4.2 Die preekwerkgroep met verskillende generasies

Die empiriese navorsing het aangetoon dat byna al die respondente baie positief oor 'n preekwerkgroep is. Hulle meen dat hulle 'n bydrae kan lewer met die “aktualisering van die boodskap” en “self ook iets kan leer” in die proses. Sekere respondente het gevoel dat dit gemeentelede meer “eienaarskap” vir die erediens en gemeente sal gee.

Uit die empiriese ondersoek word sienings oor die preekwerkgroepe uit die literatuurstudie aanmerklik versterk. Dit kan die kommunikasievermoë van die preek verhoog en verbeter sowel as predikers help om vir die gemeente die teks toe te pas en konkreet te maak.

Die ondersoek toon die tendens aan dat daar gesoek word na 'n prediking wat niemand uitsluit nie. Die boodskap moet tot almal in die gemeente en daarbuite kom. Wanneer die gemeente as deelnemers van die preekgebeure beskou word kan dit help om die doel te bereik.

Wanneer 'n familie by die preekwerkgroep betrek word, word verseker dat die behoeftes van die verskillende generasies hanteer word en niemand uitgesluit word nie. Tydens die preekwerkgroep

kan die verskillende generasies ook die geleentheid kry om mekaar beter te leer ken en sodoende sal verhoudings gebou word. Dit kan groter begrip vir mekaar se voorkeure ten opsigte van spiritualiteit, musiek en prediking bewerkstellig.

Die empiriese navorsing versterk beduidend die groot waarde wat 'n preekwerkgroep aan 'n familie-erediens kan toevoeg. In die versterkte praktykteorie word preekwerkgroepe met families (gesinne) op 'n gereelde basis as noodsaaklik voorgestel. Hierdie voorstel is oorspronklik ten opsigte van die literatuur en is 'n belangrike saak wat uit die studie na vore kom.

4.3 Persoon van die prediker

Vanuit die empiriese ondersoek was dit duidelik dat “'n mens kan onderskei tussen die persoon van die prediker en die boodskap, maar dit nie kan skei nie.” Die respondente het gevoel dat die persoon van die prediker 'n “baie groot rol speel” in die prediking.

Die egtheid aan die kant van die prediker is een van die belangrikste vereistes vir goeie kommunikasie. Dit is word bevestig tydens die empiriese navorsing in onder andere die volgende opmerkings: Die prediker moet tog nie “pretensieus en aansitterig” wees nie. So 'n leraar se “maniertjies sit jou af.” Egtheid was ook die een eienskap van die leraar wat die tieners uitgelik het as noodsaaklik.

Met die empiriese navorsing het 4 van die 9 families sterk klem daarop gelê dat hulle 'n behoefte het aan persoonlike kontak met die leraar. Bogenoemde het die belangrikheid van persoonlike verhoudinge beklemtoon. Dit is iets waaraan voorgangers in die familie-erediens ernstig aandag moet gee.

4.4 Aard van die prediking

Wanneer 'n mens 'n preek maak, geskied dit as 'n hermeneutiese proses, of verstaansproses. Vanuit die perspektief van die prediking begin hierdie proses by die situasie van die gemeentelede. Die hermeneutiese interaksie met die teks het 'n homileet nodig wat nie net deel word van die wêreld van die teks nie, maar ook deel is van die belewenis wêreld van die luisteraar. Die beleweniswêreld van 'n mens is die wêreld waarin 'n mens dink, beleef en glo.

Hierdie insig is beduidend bevestig deur die tieners en ouers wat preke wil hoor wat “aktuele onderwerpe” behandel. Die preke moet “prakties” wees en “vandag se lewe” hanteer met “praktiese aktuele

voorbeelde” wat gebruik word. Een van die grootste punte van kritiek teen die erediens wat vanuit die literatuur na vore gekom het, is dat die moderne mens ervaar dat hul dikwels nie daardeur geraak word nie.

Met die empiriese ondersoek het die respondente gevoel dat wanneer die predikant “hoogdrawend preek die kinders nie verstaan nie.” Dit het ’n kind beaam met haar opmerking: “Dominee moet nie groot woorde gebruik nie.” Die tieners het hierby aangesluit en genoem dat die preek “verstaanbaar moet wees” en “makliker taal” gebruik moet word. Een vader het dit soos volg opgesom: Die preek moet nie “’n proefskrif” of “’n geskiedenisles” wees nie. “ Ons soek ’n geestelike ervaring.”

Daar is ook die behoefte by veral die ouers dat die preke 'n sterk lerende karakter moet hê. Een moeder het genoem dat “mens goed lees wat jy nie verstaan nie.” Sy het ook gesê dat sy “meer wil leer van die Bybel.” ’n Vader het dit “verduidelikende prediking” genoem. Preke waar “Skrifuitleg plaasvind” en “realistiese lyne getrek word na vandag”, beskryf die behoefte.

Die moeders en kinders het gevoel dat kinders meer tydens die familie-erediens betrek behoort te word. 45,5 % van al die respondente het genoem dat visuele hulpmiddels noodsaaklik is. “Gebruik die tegnologie” is gesê. 75% van die kinders het genoem dat hulle preke met beelde, prente en aktiwiteite beter onthou.

Die ondersoek het uitgewys dat die trefkrag van illustrasies in die preek moeilik oorskat kan word. Mense dink in terme van prentjies en daarom behoort die elektroniese media met inbegrip van beelde en klank meer gebruik te word.

In die versterkte praktykteorie is die gebruik van visuele hulpmiddels in die beeldkultuur van die elektroniese media van ons tyd vir die familie-erediens noodsaaklik.

4.5 Liturgie

Die positiewe reaksie tydens die empiriese ondersoek op die liturgie was verrassend. 86,7% van die ouers en 75,0% van die tieners hou van die liturgie. Een moeder het dit genoem dat sy “verlore voel sonder die liturgie.” Daar was ook respondente wat van die liturgie hou, maar tog gemaak het dat ’n mens versigtig moet wees dat dit nie “’n gewoonte raak nie.”

Die tieners se reaksie was dat die liturgie hul “laat tuis voel.” Dis hoe die “kerk moet ‘operate’”. ’n Ander tiener het genoem dat sy beleef dat die “liturgie met haar praat, maar dat verandering ook goed is.” Daar is ’n behoefte aan “afwisseling” of “variasie” in die liturgie en op die manier sal die “erediens interessant bly.”

Die persepsie by baie mense dat die tieners verveeld is met die liturgie soos dit deur die eeue gestalte gekry het, is met hierdie bevindinge weerlê.

4.6 Gereformeerde spiritualiteit


Vanuit die empiriese ondersoek was dit duidelik dat die meeste van die respondente in die NG Kerk met 'n gereformeerde spiritualiteit groot geword het. Verskeie respondente het al ander kerke besoek, maar voel nie “gemaklik” daar nie.

Sommige mense in die NG Kerk dink dat wanneer daar van 'n nuwe styl van musiek en sang gebruik gemaak word, die diens meer charismaties of ewangelies-gerig ingerig moet word. Die respondente van die onderhoude het die teendeel aangetoon.

Die resultate toon aan dat die NG Kerk nie sy reformatoriese karakter hoof prys te gee om 'n ware familie-erediens aan te bied waar die Here in 'n nuwe styl aanbid word nie. Die musiek en sang, liturgie en aard van die prediking kan binne die reformatoriese karakter van die NG Kerk vernuwe word. Dit is 'n belangrike bevinding van hierdie studie.

4.7 Die familie-erediens

Die familie-erediens verkry 'n nuwe, dinamiese dimensie waarin die liturgie en die prediking verlewendig word met die funksionering van die verrykte konsepte soos hierbo beskryf. Die nuwe styl van musiek en sang waarin die klassieke liederes en melodieë gesing word, saam met 'n diversiteit van musiekinstrumente, verskaf 'n nuwe dinamiese atmosfeer.



5 KONSEPTUELE RAAMWERK VIR 'N FAMILIE-EREDIENS IN DIE NG KERK

In die konseptuele raamwerk wat voorgestel word, word aangedui hoedat die verruimde en verrykte konsepte wat die praktykteorie vir die familie-erediens uitmaak in hul relasies tot mekaar funksioneer.

Die familie-erediens word beïnvloed deur elkeen van die konsepte. Daar is 'n dialektiese relasie tussen die konsepte. Die dinamiese interaksie tussen die verruimde en verrykte konsepte in hul relasies vorm die vernuwende kragveld van die lewende stem van die evangelie in die familie-erediens deur die woordgebeure en die werking van die Heilige Gees waarin God ontmoet word soos Cilliers (2004) dit tereg stel.

Die gereformeerde spiritualiteit sal dus op 'n nuwe manier verryk moet word om tot die familie te spreek, veral ten opsigte van die

nuwe styl van musiek en sang, die visionele aard van die woordgebeure van die preek en die preekwerkgroepe met families, maar sal steeds binne die kader van die reformatoriese teologie bly.

Hierdie praktykteorie behoort 'n riglyn te bied vir die bereiking van die hele familie in die liturgie en prediking.

BIBLIOGRAFIE

- Barnard, M. 2006. *Liturgie voorbij de Liturgiese Beweging*. Zoetermeer: Meinema.
- Brink, V & Brink, T. 1999. *Ouerskap in die millennium*. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.
- Burger, C. 1999. Erediens in Gereformeerde styl. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 14(1):1–21.
- Cilliers, J. 2002. Die geheim van die prediking: een-stemmigheid op die kansel. *NGTT* 43:32–38.
- Cilliers, J. 2004. *Die lewende stem van die evangelie*. Stellenbosch: Sun Press.
- Clasen, F et al 2007. *Vir die erediens: 'n handleiding*. Wellington: Bybel-Media.
- Codrington, G & Grant-Marshall, S. 2004. *Mind the gap!* Johannesburg: Penguin Books (South Africa).
- De Klerk, B. 2002. Liturgiese verdieping van die erediens op grond van kinders se deelname. *In die Skriflig* 36(2):261–279.
- Dingemans, GDJ. 1991. *Als hoorder onder die hoorders ... Een hermeneutiese homiletiek*. Kampen: Kok.
- Freedman, JL, Sears, DO & Carlsmith, JM. 1981. *Social psychology*. Engelwood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.
- Glaser, BG. 1978. *Theoretical sensitivity: advances in the methodology of grounded theory*. San Francisco.
- Grözinger, A & Soon, KH (ed). 2005. *Preaching as shaping experience in a world of conflict, Studia Homiletica* 5. Gospel Works.
- Heitink, G. 1993. *Practische Theologie geschiedenis – theorie – handelingsvelden*. Kampen: Kok.
- Heitink, G. 2003. *Tussen 'oprit 57' en 'afrit 03' de weg, het landschap en de praktische theologie*. Amsterdam: Vrije Universiteit.
- Heitink, G. 2007. *Een kerk met karakter: tijd voor heroriëntasie*. Kampen: Kok.

- Jonker, WD. 1989. Die eie-aard van die gereformeerde spiritualiteit. *NGTT* 30:288–299.
- Long, TG. 1989. *The witness of preaching*. Louisville: Westminster/John Knox Press.
- Long, TG. 2001. *Beyond the worship wars: building vital and faithful worship*. Washington DC: The Alban Institute.
- Müller, J. 2002. *Gesinne van binne*. Bloemfontein: CLF Drukkers.
- Nel, M. 2001. *Ek is die verskil*. Bloemfontein. CLF Drukkers.
- Nell, IA. 1996. 'n Prakties-teologiese ondersoek na die vormgewing van die preek. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Oskamp, P & Schuman, N (eind-red). 1998. *Die weg van de liturgie: tradities, achtergronden, praktijk*. Zoetermeer: Uitgeverij Meinema.
- Pieterse, HJC, Greyling, S & Janse van Rensburg, H. 2004. Die implikasies van P Ricoeur se handelingsteorie vir die homiletiek. *Praktiese Teologie in SA* (19):89–115.
- Pieterse, HJC. 1986. *Verwoording en prediking*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Pieterse, HJC. 1988. *Die Woord in die werklikheid*. Pretoria: NG Kerkboekhandel
- Pieterse, HJC. 1991. *Gemeente en prediking*. Halfweghuis: NG Kerkboekhandel.
- Pieterse, HJC. 1993. Die probleem van normatiewiteit en rasionaliteit in die beoefening van Praktiese Teologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 8(2):197–203.
- Pieterse, HJC. 2005. Die rol van Godskennis in die ontmoetingsgebeure met God in die prediking. *In die Skriflig* 39(3):409–422.
- Pieterse, H. 2006. Opponerende beweginge in die veld van die liturgie III – 15 November 2006. <http://www.teo.co.za>
- Stark, F. 2005. Empirical research in the field of homiletics: asking for the hearers' voice, in *Preaching as shaping experience in a world of conflict*, *Studia Homiletica* 5, edited by Grözinger, A & Soon KH. Gospel Works:90–99.
- Serfontein, A. 2005. Lof en aanbidding vernuwning in hoofstroom kerke. *Kruisgewys* 5(1):21–22.
- Strommen, MP & Hardel, RA. 2000. *Passing on the faith*. Winona: Saint Mary's Press Christian Brothers Publications.
- Sweazey, GE. 1976. *Preaching the Good News*. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

- Van Dam, G. 2005. *Beyond expression: approaching the Divine on spiritual guidance for and by pastors*. Lynwood Ridge: Dutch Reformed Church.
- Van der Ven, JA. 1990. *Entwurf einer empirischen Theologie*. Kampen/Weinheim: Kok/Deutscher Studien Verlag.
- Van Wyk, JH. 1995. Die relevansie van die gereformeerde teologie vir vandag. *In die Skriflig* 29(1&2):241–267.
- Van Wyk, RP. 2002. Prediking aan die jeug in 'n eietydse situasie. DTh-proefskrif, Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika.
- Van Wyk, R. 2004. Jeugpredikers is grot-ontdekkers. *Kruisgewys* 4(1):15–16.
- Vos, CJA. 1996. *Die volheid daarvan II: Homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Wagner, SJ. 1983. Active listening: a tool for increasing sermon effectiveness. DMin thesis, Drew University, Madison, NJ.
- Wagner-Ferreira, EC. 2005. 'n Empiriese navorsing rakende die bedieningsbehoefes van die tieners in die NG Gemeente Waverley met spesifieke verwysing na die erediens. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- Wester, F. 1995. *Strategieën voor kwalitatief onderzoek*. 3de druk. Bussum: Countinho.